basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2013

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 50 minute
   AFDELING B: ongeveer 25 minute
   AFDELING C: ongeveer 45 minute

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op ’n nuwe bladsy.

6. Trek ’n streep ná elke afdeling voltooi is.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS 1

IETSIE MOOIS UIT OU PLASTIEK

1 Die *Herwonne Produkkompetisie* is die "Oscars" van die herwonne plastiekbedryf. Dit gee erkenning aan dié wat kreatief raak en só keer dat hope plastiek op die ashoop beland, sê Douglas Greig. Hy is die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Plastiekherwinningsorganisasie (Sapro).

2 "Vanjaar, die tweede keer dat ons die kompetisie aanbied, is 'n koeldrankbottel, 'n tuinbankie van herwonne plastiek en 'n kreatiewe lamp, waarom plastiekbottels soos beskermende blomblare vou, bekroon.

3 Verlede jaar het ons net een kategorie gehad. Vanjaar was daar drie spesifieke kategorieë: produkte gemaak van 100% herwonne materiaal, produkte wat 'n sekere hoeveelheid herwonne materiaal bevat en produkte gemaak van 'n mengsel van herwonne materiaal."

4 Volgens Greig was daar strawwe kompetisie in elk van die kategorieë. Geen produk het reg van die begin af uitgestaan nie.

5 "Die drie beoordelaars het, onder andere, gekyk na die lewensverwagting en volhoubaarheid van die produk en die hoeveelheid plastiek wat herwin is.

6 Die bewustheid van ons impak op die planeet is 'n wêreldwye tendens. Suid-Afrikaanse verbruikers raak ál meer bewus daarvan dat die keuses wat hulle uitoefen, 'n verskil aan ons lewensverwagting in die toekoms kan maak. Dit is die een terrein waar almal kan hand bysit!" sê Greig.

7 "As 'n bedryf probeer ons die boodskap oordra dat plastiek te waardevol is om te vermors: dit kan verskeie kere herwin word, wat nuwe materiaal en grondstowwe verminder. Dít dra immers by tot die verkleining van ons koolstofvoetspoor op die omgewing.

8 Daar ís enorme uitdagings in hierdie bedryf! Baie geld word tans belê in tegnologie wat gesondheids- en veiligheidsprobleme sal kan monitor."

9 Pryse is, onder andere, toegeken aan die volgende kategoriewenners:

10 Woolworths se 1,5 liter-koeldrankbottel het goud gewen in die kategorie vir produkte wat uit 'n sekere persentasie herwonne materiaal bestaan. Dieselfde bottel was die wenner van die trofee vir die beste herwonne produk van die jaar. Die bestuurder van Woolworths se *Good Business Journey*, Justin Smith, sê dat die prys vir hulle 'n erkenning is van hulle daadwerklike pogings

om afval te verminder. “Die bottel is baie spesiaal: dit is die eerste bottel (gemaak van 30% herwonne water- en koeldrankbottels en 70% nuwe plastiek) in Suid-Afrika wat regstreeks in kontak kom met kos. Boonop skep die projek werksgeleenthede, dit bespaar natuurlike hulpbronne, verlaag die hoeveelheid bottels wat jaarliks op die ashope beland en help so ons aarde!”

11 Smith vertel plastiekbottels kan ongeveer vyf keer herwin en opnuut as plastiekbottels ingespan word. Daarna kan die bottels steeds herwin word, maar is dan nie meer veilig vir kosverpakking nie. Volgens Smith is verbruikers al hoe meer bewus van die impak wat die produkte wat hulle koop, op die omgewing én op hulle gesondheid het, daarom bevat die meeste van Woolworths se verpakking inligting wat herwinning aanmoedig en vergemaklik.

12 In die kategorie vir produkte wat gemaak is van gemengde herwonne materiaal het Tufflex die goue toekenning ontvang vir hulle tuinbankie, gemaak van 100% herwonne plastiek soos karbattery-omhulsels, plastiese sakke en foelieprodukte. Die bankie is waterdig en kan enige natuurelement weerstaan. Chemikalieë, olies en soute asook voëlmis en kompos is eweneens vir dié topproduk skadeloos. Dit kan nie verrot of roes nie. Die produk is omgewingsvriendelik, want afvalplastiek word omskep in produkte wat vir minstens die volgende 60 jaar funksioneel kan wees, dis esteties, skadeloos en voldoen aan mense se alledaagse behoeftes. Tufflex is ook verantwoordelik vir die vervaardiging van soortgelyke kindermeubels en -speelgoed.

13 Heath Nash se handgemaakte plastieklig het ’n spesiale merieteprys in die kompetisie ontvang. Die beoordelaars is beïndruk deur die hergebruik van materiale wat gewoonlik geïgnoreer word; dis oorspronklik, funksioneel, veilig én die ontwerper en sy span het daarin geslaag om iets moois uit asblikinhoud te skep.

14 “Ons maak pragtige, waardevolle artikels uit ander mense se gemors,” sê die ontwerper, Heath Nash.

15 Die afvalbottels wat hulle gebruik, kom van verskeie herwinningspunte in Kaapstad en voor gebruik word dit baie deeglik met omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels gewas.

16 Na afloop van die kompetisie het Greig die kompetisie só opgesom: “Sapro hoop vervaardigers, handelsnaameienaars en Jan Alleman besef die waarde van die kompetisie in die lig van die *Kies groen*-tendens. Of jy op die platteland of in die stad bly, of jy ryk of arm is, of jy vervaardig of verbruik, almal gebruik plastiek! Almal behoort, juis dáárom, plastiek te help herwin sodat daar darem iets moois van ons aarde vir ons nageslag oorbly!”

[Aangepas uit *Leefstyl*, bylaag by *Beeld*, 5 Oktober 2011]

VRAE TEKS 1

1.1 Hoekom is die woorde, *Herwonne Produkkompetisie*, in paragraaf 1 gekursiveer (skuins gedruk)? (1)

1.2 Herlees sin 1 in paragraaf 1.

1.2.1 Skryf EEN rede neer vir die gebruik van aanhalingstekens by "Oscars". (1)

1.2.2 Wat wil die skrywer bereik met die gebruik van die woord "Oscars"? (1)

1.3 Watter enkele woord, wat in paragraaf 2 gebruik is, sluit by die woord "Oscars" (sin 1 in paragraaf 1) aan? (1)

1.4 Watter bewys vind jy in paragraaf 3 dat die kompetisie gegroei het? (1)

1.5 *Geen produk het reg van die begin af uitgestaan nie*.

Hoe sluit hierdie sin by die eerste sin in die paragraaf aan? (1)

1.6 *Die beoordelaars het wenners slégs op grond van die produkte se lewensverwagting, volhoubaarheid en die hoeveelheid plastiek wat herwin is aangewys.*

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks. (2)

1.7 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 6? (1)

1.8 Gee TWEE redes waarom plastiek waardevoller is as wat die meeste mense besef. (2)

1.9 Waarom is dit noodsaaklik dat Sapro baie geld bestee om die uitdagings wat die herwinning van plastiek inhou, die hoof te bied? (1)

1.10 Die 1,5 liter-koeldrankbottel van Woolworths het by die prysuitdeling met die louere weggestap.

1.10.1 Bewys dié stelling met 'n aanhaling/frase uit die teks. (1)

1.10.2 Dink jy dat hierdie 1,5 liter-koeldrankbottel verdien het om met die louere weg te stap? Verduidelik volledig met behulp van VIER redes uit die teks. (4)

1.11 Waarom kan ouers Tufflex se kindermeubels en -speelgoed met 'n geruste hart aan hulle kinders gee? (3)

1.12 Hoe sluit die sin, ... *en voor gebruik word dit baie deeglik met omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels gewas* (paragraaf 15) aan by die inhoud van die teks? (1)

1.13 Na wie verwys die woorde “Jan Alleman” (paragraaf 16)? (1)

1.14 Hoekom is dit korrek van mnr. Greig om “almal” (paragraaf 16) verantwoordelik te hou vir die herwinning van plastiek? (1)

1.15 Hoe verdiep die slotsin van die artikel die opskrif? (1)

EN

TEKS 2



[Aangepas uit *Beeld*, 4 Februarie 2010]

VRAE TEKS 2

1.16 Identifiseer TWEE aktuele probleme wat in hierdie spotprent voorkom. (2)

1.17 Wat impliseer die spreker met sy woorde in die spraakborrel? (1)

1.18 Spreek jou uit oor die regverdigheid van die stereotipering van vistermanne, soos in die spotprent hierbo. (1)

VRAE TEKS 1 EN 2

1.19 Hoe verskil dié spotprent (TEKS 2) se boodskap van *Ietsie moois uit ou plastiek* (TEKS 1)? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

- Lees die onderstaande teks en som die waarde van lag in SEWE feite op.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) puntsgewys of in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

KOM LAG SAAM MET ONS, HIER IS JULLE VEILIG

Toe ek 'n nukkerige kind was, het my ma graag dié rympie opgesê:

Lag 'n bietjie

Sing 'n bietjie

Spring 'n bietjie.

En gou-gou vlug

Die kwaai bui sommer in die lug

Ek het lank geneem om die les te leer en eers later begin verstaan die mens het 'n oerbegeerte om te kan lag.

Wetenskaplike ondersoeke bevestig dat lag 'n nuttige wapen is teen beswaardheid, ellende en die alte grote erns wat jou ondertoe trek. Volkswysheid verkondig dit al eeue lank.

Navorsing sê vrolike lag wat nie klink soos die geknetter van doringtakke onder 'n kokende pot nie, het baie funksies.

Dit verskuif die aandag weg van jouself en bring gemeensaamheid tussen hulle wat saam lag; 'n soort uitnodiging wat sê: "Haai julle, moenie daar eenkant staan nie. Kom lag saam met ons." Saam lag word 'n kampvuur wat die warmte binne hou, die donker buite.

Lag as bemiddelaar van die fyn verhouding tussen liggaam en gees, is 'n skoonheids- en gesondheidspolis. Wie kan 'n mens weerstaan wie se lag 'n kamer vul en wie se lagplooitjies om die oë en mond die rimpelings van 'n vrolike hart verraai? Lag soos 'n oulap se rooi, maak inderdaad mooi.

Wat gesondheid betref, is daar al wetenskaplike boekdele geskryf oor die genesende én voorkomende waarde van lag. Die Amerikaner, Neil Cousins, het aan 'n skynbaar onomkeerbare rugmurgsiekte gely. Toe hy verneem sy kans op herstel is een uit vyfhonderd, het Cousins sake in eie hande geneem. Hy het "dosisse" humor begin neem, byvoorbeeld deur na ou *Candid Camera*-uitsendings en rolprente van die Marx Brothers te kyk. Gou het hy gevind dat 'n oorgegewe skaterlag pyn vir 'n paar uur weghou.

By nabetragting is dit duidelik dat Cousins nie maar net gelag het ter wille van lag nie. ’n Aansteeklike lag ontlok ’n hele reeks positiewe emosies (onder andere speelsheid, vasberadenheid en welwillendheid) wat die menslike gees oopstel vir nuwe moontlikhede.

Drie maal gelukkig is hulle wat lag, want aan hulle sal hoop gegee word.

[Aangepas uit http://www.beeld.co.za]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

TEKS 1: KOERANTARTIKEL

TAFELBERG VERDIEN DIT

1 Dit is bekend gemaak dat Kaapstad as die wêreld-ontwerphoofstad vir 2014 aangewys is. Kom ons maak nou seker dat die Moederstad ’n volgende prestasie kan behaal, naamlik die etiket van natuurwonder van die wêreld.

2 Hier volg redes waarom dié berg as een van sewe splinternuwe natuurwonders aangewys behoort te word.

3 In 1998 het mnr. Mandela die berg as ’n geskenk aan die aarde beskryf. “Gedurende baie jare van gevangenis op Robbeneiland het ons gereeld na Tafelberg in die verte gestaar. Vir ons was Tafelberg ’n baken van hoop.”

4 Nog een van die goeie redes om Tafelberg een van die sewe nuwe natuurwonders van die wêreld te maak, is die feit dat dit die enigste berg is waarna ’n sterrestelsel vernoem is. Die sterrestelsel Mensa (wat “die tafel” in Latyn beteken) is in 1754 deur die Franse astronoom Lois de Lacaille Mons Mensae gedoop nadat hy die sterre van bo-op Tafelberg af bestudeer het.

5 Op die rype ouderdom van 260 miljoen jaar is Tafelberg ouer as Suid-Amerika se Andesgebergte, Noord-Amerika se Rockies, die Himalajas in Asië en die Europese Alpe. Vgl. die boonste kliplae met dié van Leeukop en jy sal ooreenstemmende rotsformasies vind. Dit is oorblyfsels van strata wat 280 miljoen jaar gelede die huidige Valsbaai en Kaapse Vlakte bedek het en die Skiereiland met die Hottentots-Hollandberge verbind het.

6 Die spookpadda, ’n lid van die *Heleophryne rosei*-familie wat slegs sowat 6 cm groot word, kom slegs op Tafelberg voor en is bedreig vanweë ’n tekort aan sy natuurlike habitat.

7 Die roterende kabelkar wat besoekers 704 m in die lug op en 1 200 m ver na die kabelstasie sowat 1 067 m bo seevlak vervoer, is een van slegs drie soortgelyke kabelkarre ter wêreld. Die ander twee roterende kabelkarre is onderskeidelik in Switserland en die VSA.

[Aangepas uit *Naweek*, bylaag tot *Die Burger*, 29 Oktober 2011]

3.1 Identifiseer die woord wat in paragraaf 1 verkeerd gespel is en skryf dié woord korrek oor. (1)

3.2 Vervang *'n volgende prestasie kan behaal* in paragraaf 1 met 'n gepaste idioom. (1)

3.3 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.3) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Volgens paragraaf 2 is *splinternuut* die intensiewe vorm vir *nuut.* Met watter intensiewe vorm sal jy Tafelberg NIE beskryf NIE?

A Stokoud
B Horingoud
C Oeroud
D Rotsoud (1)

3.4 Skryf die eerste sin van paragraaf 3 oor in die passief/lydende vorm. (1)

3.5 Skryf die stam/basisvorm van *gevangenis* in paragraaf 3 neer. (1)

3.6 *Astronoom (paragraaf 4)* en *astroloog* is woorde wat dikwels verwar word. Maak 'n sin met *astroloog* sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

3.7 Lei 'n persoonsnaam af van *Asië* (paragraaf 5). (1)

3.8 Vervang die afkorting in paragraaf 5 met die korrekte woord. (1)

3.9 Wat is die sinoniem van *habitat* in paragraaf 6? (1)

3.10 Vul die ontbrekende woord in:

Die woorde *kabelstasie, kabelkarre* en *kabelroete* in paragraaf 7 is 'n voorbeeld van ... (taalverskynsel). (1)

EN

TEKS 2: ADVERTENSIE

1

3.11 Gee die korrekte verkleiningsvorm van die woord tussen hakies:

Die laaibak se (afmetings) verstom my. (1)

3.12 In die woordeboek word die volgende inligting oor *kajuit* gegee:

> **ka·juit'** s.nw. (-e) **1** Aanvanklik, kamer aan boord van 'n skip vir die kaptein; tans, enige slaapvertrek vir reisiger en bemanning aan boord van 'n skip; skeepkamer: *'n Kajuit vir twee persone bespreek. Kajuit 1ste, 2de en 3de klas. Binne-, buite-, enkel-, dubbelkajuit*. **2** *(by uitbr.)* Ruimte vir die bestuurder, beheerder van sommige voertuie soos 'n vliegtuig, lokomotief, vragmotor: *'n Ruim, beknopte, oop kajuit.* [mntl. < OFr. *cahute* slegte hut] **kajuit: ~bed(jie), ~muur, ~ruimte. kajuits: ~bediende, ~jonge, ~maat, ~passasier, ~poort, ~venster(tjie).**
>
> [Uit: *HAT*, 2011, bl. 512]

3.12.1 Aan watter taal is *kajuit* ontleen? (1)

3.13 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.13) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Baie mense praat van *reusegroot.* Dit is 'n voorbeeld van ...

A kontaminasie.
B analogie.
C nuutskepping.
D toutologie. (1)

3.14 Gebruik *voor* (paragraaf 1) as 'n selfstandige naamwoord in 'n verklarende sin. (1)

3.15 Tot watter woordsoort behoort *minimale* in die volgende frase:

Minimale brandstofverbruik. (1)

3.16 Motiveer waarom *onoortreflike* (paragraaf 2) 'n voorbeeld van oorredende taalgebruik is. (1)

3.17 Dink jy die onderstreepte sin in paragraaf 3 is binne konteks geslaagd? Motiveer jou antwoord. (1)

3.18 Gebruik *bult* (paragraaf 3) as 'n voorbeeld van denotasie in 'n sin van jou eie. (1)

3.19 Dink jy dat die plasing van die slagspreuk *Nie net taai nie, slim ook. Amarok*. effektief is? Motiveer jou antwoord. (1)

3.20 Skryf die sin in die ontkennende vorm:

Vir die Amarok is óf laaibakafmetings, óf kajuitruimte belangrik. (1)

EN

TEKS 3: STROKIESPRENT

RAAMPIE 1



RAAMPIE 2

RAAMPIE 3

RAAMPIE 4

RAAMPIE 5

RAAMPIE 6

RAAMPIE 7

RAAMPIE 8

[Aangepas uit *Ben, Babsie en Familie*, Human en Rousseau, 1982]

3.21 Gebruik die korrekte aksentteken (gravis of akuut) om die betoonde lettergreep in die woord *pragtige* aan te dui. (1)

3.22 Dink jy die gebruik van die ellips in raampie 1 is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

3.23 Skryf die sin in raampie 2 in die indirekte rede. Begin die sin met: *Sy sê ...* (1)

3.24 Voeg die twee sinne in raampie 3 in een sin saam deur die voegwoord *aangesien* te gebruik. (1)

3.25 Wat is die werkwoord van die eerste sin in raampie 4? (1)

3.26 Skryf die sin in raampie 5 oor, maar voeg ’n bywoordelike bepaling in. (1)

3.27 Herskryf die volgende sin as ’n wenssin:

Ek het nooit gedink ek sal so eensaam raak nie! (1)

3.28 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.28) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die sin in raampie 7 is ’n voorbeeld van ’n ... sin.

A enkelvoudige
B onderskikkende
C veelvoudige
D neweskikkende (1)

3.29 Herskryf die volgende sin in die toekomende tyd:

Ek en Toetsie is op pad na ’n hondeskou. (1)

3.30 Is die bure se gevolgtrekking in raampie 8 geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou